# KENNISGEWING VAN ‘N OMGEWINGSMAGTINGINGS PROSES (OMGEWINGS ASSESSERINGS PROSES)

## VOORGESTELDE 2AFRICA/GERA (OOS) ONDERSESE TELEKOMMUNIKASIE KABELSTELSEL INSTALLERING BY PORT ELIZABETH, OOS KAAP, SUID-AFRIKA

### Voorlegger: Vodacom (Edms) Bpk (hierin verwys na “Vodacom”)

Alcatel Ondersese Netwerke (AON) is aangestel vir die installering van die voorgestelde 2AFRICA/GERA (Oos) Kabelstelsel wat die Ooskus van Afrika gaan verbind met Europa asook gedeeltes van die Midde Ooste, met een van Suid-Afrika se landings in Port Elizabeth. Die kabelstelsel gaan beheer word deur Vodacom as Suid-Afrika se landings vennoot. Die doel van die kabelstelsel is om Suid-Afrika met ‘n betroubare kabelstelsel en ‘n groter kapasiteit te voorsien vir verskeie digitale data dienste soos telewerke, HD TV uitsendings, internet dienste, video konferensies, gevorderde multimedia asook mobiele video applikasies.

**Omgewingsmagtigings Proses:**

Ingevolge die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings, wat op 4 Desember 2014 gepubliseer en op 7 April 2017 gewysig is, gepubliseer ingevolge die Nasionale Omgewings Bestuurs Wet, 1998 (Wet No. 107 van 1998) word verskeie aspekte van die beoogde ontwikkeling as gelyste aktiwiteite geag wat ‘n impak op die omgewing kan meebing. Derhalwe word omgewingsmagtiging van die Nasionale Departement van Omgewingssake, Bosbou en Visserye (DOBV) vereis alvorens sodanige aktiwiteite ‘n aanvang kan neem. Die projek lei tot aktiwiteite wat as skadelik beskou word in terme van Noterings Staatskennisgewing 1 (R 327), Noterings Staatskennisgewing 2 (R 325) en Noterings Staatskennisgewing 3 (R 324). DOBV is die bevoegde owerheid wat die omgewingsmagtiging uitreik vir hierdie voorgestelde ontwikkeling. Ander lisensies en permitte kan moontlik benodig word en aansoek kan gedoen word vir ‘n Oseaan Strand Huur Permit van die Oos Kaapse Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewingssake en Toerisme (DEOO&T) en ‘n Water Lisensie van die Department van Menselike Nedersettings, Water & Sanitasie (DMNW&S)

ACER vervul die rol en verantwoordelikhede namens Vodacom as die Omgewings Evaluerings Praktisyn (OEP) wat die Omgewings Assesserings Proses asook die Publieke Deelname Proses sal behartig. ACER sal die nodige applikasies en dokumente indien by DOBV en die relevante owerhede vir konsiderasie en besluitneming.

**Geleentheid om deel te neem:**

Ten einde as ’n Belangstellende en/of Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer en/of om meer inligting te bekom rakende die projek, kontak asseblief die Publieke Deelname Kantoor:

**Carina Boonzaaier of Giles Churchill**

- Posbus 503, Mtunzini, 3867 • Tel: 035 340 2715
- E-pos: 2AFRICA.PortElizabeth@acerafrica.co.za

In terme van Staatskennisgewing R326, 42(a), 44(1) en 19(1)(a) (7 April 2017) sal alle kommentaar wat ontvang word in ‘n Kommentaar en Terugvoer Verslag saamgevat word wat beskikbaar gemaak sal word aan die bevoegde owerhede. Die verslag sal ook in die publieke domein geplaas word en sal deel wees van die publieke hersieningsproses wat deel vorm van die Omgewings Assesserings Verslae.

acer AFRICA

**Datum van advertensie: 05 November 2020**

AD2044087